LAERSKOOL GOEDEHOOP

Goedes Nuusbrief

NUUSBRIEF 11/2026

Mnr Gawie sê sy sê...Bybelse Werksetiek

Die Bybel leer dat harde werk seën bring en karakter bou. Spreuke 14:23 sê: “In al die moeitevolle arbeid is daar voordeel,” terwyl Kolossense 3:23 ons aanmoedig om alles met oorgawe te doen. John Maxwell sê: “Drome werk nie tensy jy werk nie,” en Angela Duckworth beklemtoon dat deursettingsvermoë (grit) 'n sleutel tot sukses is. Vir ouers beteken dit om doelbewus 'n kultuur van verantwoordelikheid te skep: gee kinders take, leer hulle om hul eie skoolwerk te bestuur, en wys dat harde werk waarde het. Wees self 'n voorbeeld van toewyding. Kinders sal eerder ons voorbeeld volg as luister wat ons sê, daarom moet ons kinders ons sien volhard, hard werk en nie moed opgee nie. Prys nie net prestasie nie, maar moeite en volharding. Só help julle kinders om dissipline, selfstandigheid en 'n Bybelse werksetiek te ontwikkel wat hulle deur die lewe sal dra.

Goegieland

Baie dankie vir 'n heerlike kwartaal vol interessante aktiwiteite, leer en pret. Ons waardeer elke ouer se ondersteuning en betrokkenheid opreg.

NUWE KWARTAAL SE BENODIGDHEDE: Onthou asseblief om met die nuwe kwartaal weer tissues, wet wipes en spuitseep skool toe te stuur.

EERSTE PRETDAG 10 APRIL 2026: Ons skop die nuwe kwartaal af met ons eerste pretdag op 10 April 2026 met die tema as Karnavaldag. Ons sien uit na kleurvolle en vrolike uitrustings!

KUNSWERKE:

- Graad 0: Kunswerke gaan nie nou huis toe nie, aangesien dit gebruik gaan word vir Oupa en Ouma-dag.
- Graad 00 en 000: Maatjies het werk geselekteer wat hulle vir die geleentheid wil hou. Die res van hul werk gaan huis toe saam met hul spogboeke.

Ons wens vir al ons ouers en maats 'n heerlike vakansie toe. Mag dit 'n tyd wees van rus, gesinstyd en vreugde. Geseënde Paasfees aan elkeen.

Groete uit Goegieland

Harde Werk

Die einde van die kwartaal het aangebreek en net so voor ons erg op mekaar se senuwees begin werk kan ons vakansie hou. Die kinders by die skool het lekker hard gewerk en verdien 'n lekker ruskans. Ons sê aan die einde van elke kwartaal vir mekaar dat die tyd baie vining verloop het, om die rede moet ons die tyd wat ons het koester. Ons bedank almal wat in hierdie kwartaal 'n waardevolle bydrae gelewer het. 'n Skool is 'n verlenging van sy gemeenskap en daarom kan ons nie funksioneer sonder 'n gemeenskap wat bydraes lewer nie. Ons leef in 'n samelewing waar harde werk ononderhandelbaar is. Beperkte geleenthede vir jong mense veroorsaak dat die wat geleenthede ontvang, hard moet werk om dit te behou. Kinders wat die karakter het om hard te werk is 'n paar tree voor hul maats. Laat ons dan hard werk om hierdie karaktereienskap aan ons kinders oor te dra.

Week se Program

7 April 2026

- Netbal Gert Sibande Proewe

9 April 2026

- Landloop Uitdunne

10 April 2026

- Goegieland Karnivaaldag

11 April 2026

- Bergfiets XCO Wedren #2
- Landloop ASA te Sasol Klub
- Rugby & Netbal Super 12 Groepwedstryde

31 Mrt tot 4 Apr 2026

- Netbal Menlo-toernooi

Skool open 8 April 2026 vir die 2de kwartaal

Drama Allegretto Streeksuitslae

Baie geluk aan ons drama leerders met hulle pragtige uitslae wat hulle met die Allegretto Streeks byeenkoms behaal het. Baie geluk ook aan al die leerders wat A+ en A++ behaal het, en genooi is na die Provinsiale rondte vanaf 29 tot 31 Julie 2026. Ons is baie trots op julle.

Gr:	Leerder	Item	Simbool	Prestasie	Graadwenner
1	Olivia Venter	Gedramatiseerde Poësie	A	81.5%	
1	Steyn van Onselen	Gedramatiseerde Poësie	A	82.7%	
1	Hanlie Pendlebury	Gedramatiseerde Poësie	A+	87.5%	
1	Melanri Hammind	Gedramatiseerde Poësie	A+	87.5%	Graadwenner
1	Zetcke Soule	Gedramatiseerde Poësie	A+		
		Dramatized Poetry	A+	88.2%	
1	Evalt Vermaas	Gedramatiseerde Poësie	A	84.5%	
		Formele Poësie	A++	90%	Graadwenner
		Monoloog	A+	85%	
1	Donné Pretorius, Evalt Vermaas, Zetcke Soule en Steyn van Onselen	Gedramatiseerde Groep Gedig	A++	91.2%	Graadwenners
2	Klara Meyer	Gedramatiseerde Poësie	A	83.5%	
2	Rhynardt Blignaut	Gedramatiseerde Poësie	A	83%	
		Religieuse Prosa	A+	85%	
3	Mia van der Merwe	Formele Poësie	A+	87.5%	
3	Luka Breytenbach	Monoloog	A	82%	
		Gedramatiseerde Poësie	A	83.7%	
		Dramatized Poetry	A+	85.2%	
4	Wessel Vermaas	Gedramatiseerde Poësie	A+	85.2%	
4	Mia-né Smit	Gedramatiseerde Poësie	A	82.5%	
		Monoloog	A+	85%	
		Formele Poësie	A++	92%	Afdeling-wenner
4	Simon Mostert	Mimiek	A-	79.7%	
		Dramatized Poetry	A+	86.6%	
5	Janke Pendlebury	Gedramatiseerde Poësie	A++	91%	Graadwenner
6	Linay Hartzer	Dramatized Poetry	A+	87%	
		Formele Poësie	A++	92%	Afdeling-wenner
6	Kaitlyn Shackleford	Monoloog	A	83.5%	
		Monologue	A+	85%	
		Gedramatiseerde Poësie	A+	85.2%	
6	Melandie Faber	Monoloog	A+	88.7%	
		Gedramatiseerde Poësie	A++	91.7%	Graadwenner
		Monologue	A++	90.7%	Grade winner
		Dramatized Poetry	A++	90.7%	Grade winner
6	Manuela Netto en Melandie Faber	Dramatized Poetry Duo	A+	87%	
7	Leané Luddick	Mimiek	A+	88.9%	Graadwenner
		Gedramatiseerde Poësie	A+	85.7%	
		Monologue	A++	90%	Grade winner
		Dramatized Prose	A++	92%	Section winner
7	Calita Cornelissen	Gedramatiseerde Poësie	A+	85%	
7	Anika Pendlebury	Redevoering	B	72%	

Dankbaarheid

Dat ons die voorreg het om te mag glo en te vertrou. Ons is nie alleen nie – die Here is altyd by ons, elke tree van die pad.

Redenaars

Ons het die uitslae ontvang met ons Hoëveld Redenaars, geluk aan die volgende leerders wat Top 10-plekke behaal het!
Mianique van Zyl - 2de Gr. 1 tot 3
Jana Steyn - 9de Gr. 1 tot 3
Marno Marais - 5de Gr. 6 tot 7
Cayden Louwrens - 8ste Gr. 6 tot 7



Ons het laasweek gespog met ons pragtige redenaars wat redeneer met soveel selfvertroue en oortuiging. Graag wil ons net die Super 12 Graad 7-span ook erkenning gee vir hul redenaarstalente.
Waldt van Niekerk
Mia van Eeden
Liané Luddick
Hailey Herbst

Skaak

Baie dankie aan al die skaakmaats wat so getrou kom oefen het elke week. Ons bars letterlik uit ons nate uit met al die belangstelling hierdie jaar. Maats moet asseblief probeer om elke dag skaak te speel, al is dit vakansie. Hulle moet asseblief in oefening bly. Hou gerus die kwartaalprogram op d6 dop vir volgende kwartaal se skaakdatums. Woensdag, 18 Maart 2026 het 3 spanne aan die eerste vriendskaplike toernooi by LS Marietjie van Niekerk deelgeneem. Die o/9-span behaal 'n 6de plek, die o/11- en o/13-spanne het as wenners uit die stryd getree met 1ste plekke. Daar was ook bordwenners. Veels geluk aan die volgende spelers:
Sian Jacobs
Christiaan van Niekerk
Hailey Herbst
Calita Cornelissen
Adolf Swart
Henru Smuts
Ons sien opgewonde uit na die skaakseisoen. Go Goedes!



30 Mrt	31 Mrt	1 Apr	2 Apr	3 Apr	4 Apr	5 Apr
Jacques Botha Eben Nel Zhané Bidlingmaier	Noah v Deventer Adeya O'Neill Jenny Jordaan	Luan Cilliers Simon Mostert Mckenzie Bergh	Chloé Erwee	Lucan Lessing Chloé Kleb Carimé Niemand	Louis Rothman Jayden Kilian Willem Minnaar	Avah-Grace Wiggill
6 Apr	**7 Apr**	**8 Apr**	**9 Apr**	**10 Apr**	**11 Apr**	**12 Apr**
		Miané Visagie Estiaan vd Merwe Mitchell vd Merwe Charlize Labuschagne	McKayla v Niekerk Wilandri vd Merwe Liam Jevon Cecilia v Schalkwyk Henco Hattingh	Alley Burr-Dixon Alwi Bosman Joshua Pohl Janille Kgwadi	Izelke Enslin Aléza Kasselman Minaé Knipe	

Bergfiets

Saterdag 21 Maart was die Kosmos 3-in-1 bergfietswedrenne in die dorp. Leerders kon deelneem aan die Fun Ride, Nipper Race en selfs aan die Half-Maraton. Baie geluk aan Sebastiaan Matthee wat die Half-Marathon gewen het in sy kategorie (o/13 - o/14). Dis voorwaar 'n besonderse prestasie! Dit was 'n heerlike dag en die maats het dit baie geniet!

Fun Ride (10 km) deelnemers:
Gabriella Matthee
Dwayne Deetlefs
Tracy Booyens
Marli Potgieter
Mikayla Booyens
Wiané v.d. Berg
Victor v.d. Walt
Danél v.d. Walt
Tristan van Schalkwyk
Xander Vermaak
Mattias Viljoen
Janco Kruger

Nipper Race (20 km) deelnemers, volgens kategorie:

Tristan van Schalkwyk (0/9-0/10)	-	5de
Janco Kruger (0/9-0/10)	-	6de
Xander Vermaak (0/9-0/10)	-	7de
Mattias Viljoen (0/13-0/14)	-	9de

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal